Downloaded from www.mycourses.co.za

higher education & training

Department: Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N370**(A)**(J10)H

# NASIONALE SERTIFIKAAT

# EKONOMIE N5

(22020095)

**10 Junie 2019 (X- Vraestel)**
**09:00–12:00**

**Sakrekenaars mag gebruik word.**

**Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye.**

Downloaded from www.mycourses.co.za

Kopiereg voorbehou

Downloaded from www.mycourses.co.za


# DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
# REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
EKONOMIE N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

---

LET WEL: Indien jy meer as die vereiste getal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste getal nagesien word. Trek ALLE werk wat jy nie wil laat nasien nie duidelik dood.

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord AL die vrae in AFDELING A.
2. Beantwoord enige DRIE vrae in AFDELING B.
3. Lees AL die vrae aandagtig deur.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Skryf netjies en leesbaar.

---

Downloaded from www.mycourses.co.za
Kopiereg voorbehou 

Downloaded from www.mycourses.co.za


## AFDELING A (VERPLIGTEND)

## VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies is gegee as moontlike antwoorde op die volgende vrae. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Die bakker koop meel vir R1,20 om een muffin te bak en verkoop dit vir R2,00. Die meulenaar het 75c se koring by die boer gekoop.

Hoeveel kan by die Nasionale Inkomste getel word?

A R3,95
B R1,25
C R1,45
D R1,65

1.1.2 In 'n geslote ekonomie speel ... nie 'n rol in die ekonomiese proses nie.

A verbruikers
B produsente
C die regering
D ander lande

1.1.3 Die grootste komponent van Suid-Afrika se nasionale uitgawes ('expenditure') is …

A private vaste beleggings.
B produksieuitgawes deur die algemene regering.
C private verbruiksuitgawes ('private consumption').
D totale vaste kapitaaluitgawes.

1.1.4 Om BBP ('GDP') volgens die ...-metode te bereken, moet al die betalings vir die vier produksiefaktore bymekaar getel word.

A inkomste
B belasting
C uitset ('output')
D uitgawe ('expenditure')

1.1.5 In sy begrotingstoespraak het die minister van finansies die volgende verandering aan belasting aangekondig: Werknemers wat meer as R1 miljoen verdien, sal 45% belasting betaal. Dit is 'n voorbeeld van …

A progressiewe belasting.
B belastingtrefwydte ('tax incidence').
C proporsionele belasting.
D regressiewe belasting.

(5 × 2) (10)

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 Goeie infrastruktuur is 'n kenmerk van 'n ontwikkelende ekonomie.

1.2.2 Verwydering of uitskakeling van regeringsmag in 'n bepaalde bedryf om meer mededinging in die bedryf te skep, word deregulering genoem.

1.2.3 As die arbeidsaanbod toeneem terwyl die arbeidsvraag konstant bly, sal die ekwilibriumloontarief ('equilibrium wage rate') toeneem.

1.2.4 Om die BBP ('GDP') na die BNP ('GNP') om te skakel, moet die primêre inkomste van die res van die wêreld afgetrek word.

1.2.5 Monetêre ekonomie het betrekking op die beleid oor ekonomiese veranderlikes, insluitend pryse, rentekoerse, verbruik en produksie.

1.2.6 Goedere in bewerking ('Goods in process') verwys na daardie goedere wat gereed is vir menslike verbruik.

1.2.7 Suid-Afrika se ekonomiese vooruitgang kan met dié van die Verenigde State van Amerika vergelyk word deur 'n studie te maak van die algemene prysvlak.

1.2.8 Informele besighede in die ekonomie betaal belasting aan die regering.

1.2.9 Armoede is meer in stede gekonsentreer as in voorstede.

1.2.10 In die ekonomie is die inflasionêre gaping die bedrag waarmee die potensiële BBP werklike volle indiensnemings-BBP ('full employment GDP oorskry').

(10 × 2) (20)

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


1.3 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat pas by 'n term in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.3.1 Ekonomiese siklus | A die verskil tussen sigbare invoere en sigbare uitvoere |
| 1.3.2 Verstedeliking | B metode wat die regering gebruik om plaaslike nywerhede teen buitelandse nywerhede te beskerm |
| 1.3.3 Inflasie | C funksie van geld |
| 1.3.4 Resessie-gaping | D regering se beplanning vir hoe geld bestee moet word |
| 1.3.5 Handelsbalans | E beleid van proaktiewe benadering tot die verwydering van vooroordele teen die werwing en bevordering van minderhede en ander onderverteenwoordigde groepe in die samelewing |
| 1.3.6 Sensusmetode | F 'n algemene styging in die pryse van goedere en dienste |
| 1.3.7 Beskerming | G sekere vrae word ingesluit om die ekonomiese status van die land se bevolking te bepaal |
| 1.3.8 Regstellende aksie | H konsentrasie van mense in stede en dorpe vir beter werksgeleenthede |
| 1.3.9 Begroting | I situasie waar die reële BBP laer is as die potensiële BBP by volle indiensneming |
| 1.3.10 Oppotmedium ('hoarding medium') | J dit wys hoe geld, goedere en dienste in die ekonomie vloei |

(10 × 2) (20)
**[50]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


## AFDELING B

Beantwoord enige DRIE vrae in hierdie afdeling.

### VRAAG 2

2.1 Dui aan of die volgende voorbeelde is van VRAAGINFLASIE ('demand-pull inflation') of KOSTE-INFLASIE ('cost-push inflation'):

2.1.1 Die vraag na goedere en dienste styg vinniger as produksie.

2.1.2 Vinnige toename in die prys van ingevoerde goedere

2.1.3 'n Toename in salarisse en lone wat nie gepaard gaan met 'n proporsionele toename in produktiwiteit nie

2.1.4 Die regering verminder belasting en die verbruikers het meer geld om te spandeer op goedere en dienste.

2.1.5 Die Suid-Afrikaanse Reserwebank het meer geld gedruk.
(5 × 2) (10)

2.2 Lees die volgende stelling en beantwoord die vrae:

'Suid-Afrika se vakbonde het 'n groot invloed gehad op die bepaling van die arbeidsmark en beleide oor bedryfsverhoudings in die land.'

2.2.1 Verduidelik die term *vakbond* ('trade union') kortliks. (3)

2.2.2 Bespreek die doelwitte van vakbonde. (4)

2.3 Lees die uittreksel hier onder en beantwoord die vrae:

**ONDERSOEK NA SUID-AFRIKA SE HANDELSBELEID VAN 2012**

'Een van die bepalende kenmerke van die hedendaagse Suid-Afrikaanse handelsbeleid is die degradering daarvan van 'n belangrike dryfveer vir groei tot 'n blote instrument in nywerheidsbeleid.' ('One of the defining features of trade policy in South Africa today is its demotion from being a key driver of growth to being a mere tool of industrial policy.')

2.3.1 Definieer die term *internasionale handel*. (3)

2.3.2 Onderskei tussen *uitvoerbevordering* en *invoervervanging* ('export promotion and import substitution'). (4)

2.3.3 Onderskei tussen *depresiasie* en *appresiasie* van die geldeenheid ('revaluation and appreciation') of currency. (4)

2.3.4 Noem enige TWEE soorte tariewe. (4)

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


2.4 Bestudeer die tabel hier onder en beantwoord die vrae.

Die inligting in die tabel is gebaseer op Suid-Afrika se inligting van 2015. Die bedrae is in miljoene bereken.

| | |
|---|---|
| Vergoeding van werknemers | 1 318 |
| Netto bedryfsurplus | 920 |
| Verbruik van vaste kapitaal | 418 |
| Ander belasting op produksie | 22 |
| Ander subsidies op produksie | 21 |
| Subsidies op produksie | 16 |
| Belasting op produkte | 52 |
| Primêre inkomste van die res van die wêreld | 72 |
| Primêre inkomste aan die res van die wêreld | 362 |

2.4.1 Bereken die BBP ('GNP') teen basiese prys. (5)

2.4.2 Bereken die BBP ('GDP') teen markprys. (5)

2.5 Noem enige DRIE gevolge van werkloosheid. (6)

2.6 Dui aan of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.6) in die ANTWOORDBOEK neer.

Hiperinflasie kom voor wanneer 'n land baie hoë en gewoonlik versnellende inflasiekoerse het. (2)

**[50]**

## VRAAG 3

3.1 Lees die uittreksel hier onder en beantwoord die vrae:

**ONVERWAGTE VERLAGING IN SUID-AFRIKA SE RENTEKOERS, RAND NADELIG GERAAK**

Die president van die Suid-Afrikaanse Reserwebank, Lesetja Kganyago, het Donderdag aangekondig dat die monetêre beleidskomitee besluit het om rentekoerse te verlaag. Die terugkoopkoers is van 21 Julie 2017 af met 25 basispunte tot 6,75% per jaar verminder. Die leningskoste is nou 10,25%.

*www.fin24.com/south-20.07.2017*

3.1.1 Verduidelik die term *repokoers* kortliks. (3)

3.1.2 Verduidelik met behulp van 'n grafiek wat met rentekoerse gebeur as geldvoorraad toeneem. (7)

3.1.3 Wat beteken 25 basispunte? (2)

3.1.4 Name VIER komponente van geld. (4)

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


3.1.5 Kies die korrekte woord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die woord langs die vraagnommer (a–b) in die ANTWOORDBOEK neer.

As die geldvoorraad verminder, sal rentekoerse
(a) (daal/vermeerder) en die vraag na geld sal
(b) (afneem/toeneem). (2)

3.2 Bestudeer die tabel hier onder en beantwoord die vrae. Die tabel verwys na die vraag na en aanbod van arbeid in die bedbedryf.

| LONE (R) | VRAAG NA ARBEID | AANBOD VAN ARBEID |
|---:|---:|---:|
| 500 | 500 | 100 |
| 750 | 400 | 250 |
| 900 | 350 | 350 |
| 950 | 300 | 400 |
| 1000 | 250 | 500 |

3.2.1 Definieer die begrip *vraag na arbeid* ('labour demand'). (2)

3.2.2 Kies die regte woord uit dié wat tussen hakies gegee is. Skryf slegs die woord langs die vraagnommer (3.2.2) in die ANTWOORDBOEK neer.

Teen 'n loonkoers ('wage rate') van R750 is daar 'n (tekort aan/ surplus van) arbeid. (1)

3.2.3 Motiveer jou antwoord in VRAAG 3.2.2 deur die berekeninge te toon. (2)

3.2.4 Verduidelik kortliks wat sal gebeur as die loonkoers R900 is. (2)

3.3 Bestudeer die volgende inligting en beantwoord die vrae:

'Op 27 August 2017 was die uitruilkoers ('exchange rate') \$1 = R13,03.'

3.3.1 Verduidelik die term *uitruilkoers.* (3)

3.3.2 Weens die onstabiele politieke situasie in Suid-Afrika het die waarde van die rand teenoor die dollar met 20% gedaal.

Bereken die rand se dollarwaarde na die daling. Toon ALLE berekeninge. (4)

3.3.3 Noem VIER faktore wat die vraag na buitelandse valuta beïnvloed. (4 × 2) (8)

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


3.4 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommer (3.4.1–3.4.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

3.4.1 Die proses waardeur die produktiewe kapasiteit van die ekonomie mettertyd styg sodat daar 'n toename in die nasionale inkomste is

3.4.2 Die betaling wat een persoon (of groep) ontvang en dan aan 'n ander persoon (of groep) oorbetaal sonder dat 'n produktiewe diens gelewer word

3.4.3 Die som van die bydrae van alle faktore in die proses om goedere en dienste te vervaardig, insluitend lone, salarisse, huur, rente en wins

3.4.4 Berekening van nasionale inkomste deur voltooide en onvoltooide goedere bymekaar te tel

3.4.5 Die tak van die ekonomie wat te doen het met grootskaalse of algemene ekonomiese faktore soos rentekoerse en nasionale produktiwiteit

(5 × 2) (10)
**[50]**

**VRAAG 4**

4.1 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings deur 'n term uit die lys hier onder te kies. Skryf slegs die term langs die vraagnommer (4.1.1–4.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

| strukturele; sikliese; tegnologiese; wrywing; seisoenale |
|---|

4.1.1 … werkloosheid bestaan waar individue hulle werk verloor as gevolg van die afname in die vraag na goedere en dienste.

4.1.2 Wanneer mense tussen werk is of werk soek, staan dit bekend as ... werkloosheid.

4.1.3 As daar 'n wanverhouding is tussen die beskikbare poste en werkloses se vaardigheidsvlakke, staan dit bekend as... werkloosheid.

4.1.4 As mense sekere tye van die jaar werkloos is omdat hulle in 'n bedryf werk waar hulle nie die hele jaar nodig is nie, word dit ... werkloosheid genoem.

4.1.5 Die bekendstelling van 'n kapitaalintensiewe soort werk wat 'n arbeidsintensiewe soort werk vervang, word ... genoem.

(5 × 2) (10)

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


4.2 Mense spaar om verskillende redes.

Onderskei tussen *voorkomende* en *spekulatiewe* redes waarom mense spaar en gee 'n voorbeeld van elk. (6)

4.3 Beskryf die gebruike van nasionale inkomstesyfers. (12)

4.4 Bespreek *fiskale beleid* onder die volgende opskrifte:

4.4.1 Definisie (3)

4.4.2 Instrumente van fiskale beleid (9)

4.5 Noem VYF faktore wat ekonomiese groei beïnvloed. (5 × 2) (10)
**[50]**

**VRAAG 5**

5.1 'Watter instrumente van monetêre beleid die sentrale bank gebruik, hang af van die ontwikkelingsvlak van die beleid.'

Met inagneming van bogenoemde stelling, noem VYF instrumente van die monetêre beleid. (5 × 2) (10)

5.2 Bestudeer die tabel hier onder en beantwoord die vrae.

| | **2014** | **2015** | **2016** |
|---|---|---|---|
| Bevolking | 54 miljoen | 55 miljoen | 56 miljoen |
| Prysindeksdeflator | 100 | 125 | 150 |
| Nominale nasionale inkomste | 421 miljoen | 439 miljoen | 600 miljoen |

5.2.1 Noem DRIE metodes om nasionale inkomste te bereken. (3)

5.2.2 Bereken die werklike per capita-inkomste vir 2015. Toon ALLE berekeninge. (4)

5.2.3 Bereken die werklike nasionale inkomste vir 2016. Toon ALLE berekeninge. (3)

5.2.4 Dui aan of daar tussen 2015 en 2016 'n toename of afname in ekonomiese groei was. Toon ALLE berekeninge. (3)

5.2.5 Onderskei tussen *bruto binnelandse produksie* en *bruto nasionale produksie.* (4)

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


5.3 Lees die volgende stelling en verduidelik kortliks Suid-Afrika se arbeidsprobleem:

'Die arbeidsmark vereis leierskap, en dit benodig werklike verandering.' (12)

5.4 Onderskei tussen die volgende:

5.4.1 *Direkte* en *indirekte* belasting
Gee ook 'n voorbeeld van elk. (6)

5.4.2 *Belastingontduiking* en *belastingvermyding* (4)

5.5 Dui aan of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (5.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

Die finansiële jaar strek van 1 Februarie tot 31 Januarie die volgende jaar. (1)
**[50]**

**TOTAAL AFDELING B: 150**
**GROOTTOTAAL: 200**

Downloaded from www.mycourses.co.za

Kopiereg voorbehou